S. Afr. Tydskr. Veek. 12, 239 - 242 (1982)

# SYBOKHAARPRODUKSIE 2003

J. M. van der Westhuysen
*Sybokhaarraad, Posbus 2243, Port Elizabeth*

**(Sleutelwoorde:** *Sybokhaar, produksie*)
**(Key words:** *Mohair, production*)

Toe het die Here met Moses gespreek en gesê: "Ook moet jy doeke van bokhaar maak as 'n tentseil oor die tabernakel". Toe het Moses met die stamme van Israel in die Sinai woestyn en die kunswaardige spinners en wewers van fyn bokhaar opgeroep om doeke te maak soos die Here dit beveel het.

*Exodus 26.*

Reeds in die vroegste Bybelse tye is die waarde van bokhaar as 'n tekstielvesel bekend. Met die verloop van tyd het die mens egter die produksie eienskappe van die dier verbeter, en verfynde verwerkings- en bemarkingstegnieke ontwikkel sodat daar om hierdie antieke vesel 'n industrie van aansien ontwikkel het.

Angorabokboerdery en sybokhaarproduksie word tans beoefen in 'n paar vêrafgeleë lande waar die plantegroei en klimaat daarvoor gunstig is. Die verwerking van sybokhaar word weer grotendeels gedoen in ander lande as dié waarin sybokhaar geproduseer word. Hierdie omstandighede veroorsaak dat 'n internasionale handel in sybokhaar plaasvind in die rou en verwerkte vorme.

Suid-Afrika speel tans 'n leidende rol in die sybokhaarbedryf op wêreld vlak, en as gevolg van die internasionale aard van die bedryf, kan Suid-Afrika nie losgemaak word daarvan nie. Ten einde dus betekenisvolle vooruitskouings te kan maak, is dit nodig om eers kortliks na die verlede en die huidige te kyk.

## Die verlede

Die invoer, gedurende 1838, van 'n dragtige angorabokooi wat geboorte gegee het aan 'n enkele rambokkie was die begin van die ras in Suid-Afrika. Teen 1912 het die getalle toegeneem tot meer as 4 miljoen en was angorabokke in alle provinsies te vinde. Die Wêreldoorloë, depressiejare en 'n beskuldiging wat die angorabok uitgesonder het as die oorsaak van velderosie in die Karoo het tot gevolg gehad dat sybokgetalle gedaal het tot 'n skrale 580 000 in 1949. In die daaropvolgende jare het toenemende en volgehoue hoë pryse weer angorabokgetalle vinnig laat toeneem tot 955 000 en 1960 en 1 900 000 in 1966. Hierna het ongunstige pryse en ernstige droogtes 'n daling in sybokgetalle tot gevolg gehad tot 1972 (Tabel 1).

**Tabel 1**

*Veranderinge in sybokhaarprys, sybokgetalle en haarproduksie vanaf 1965 tot 1981*

| | Prys c/kg | Bokke Miljoen | Haar Miljoen kg |
|---|---|---|---|
| 1965 | 125 | 1,8 | 6,1 |
| 1966 | 112 | 1,9 | 6,4 |
| 1967 | 98 | 1,6 | 5,4 |
| 1968 | 125 | 1,5 | 5,1 |
| 1969 | 139 | 1,5 | 5,1 |
| 1970 | 109 | 1,2 | 4,1 |
| 1971 | 70 | 1,1 | 4,3 |
| 1972 | 197,4 | 0,9 | 3,7 |
| 1973 | 331,5 | 0,9 | 3,4 |
| 1974 | 245,2 | 0,9 | 3,7 |
| 1975 | 416,4 | 1,0 | 3,8 |
| 1976 | 668,5 | 1,1 | 4,1 |
| 1977 | 639,0 | 1,1 | 4,5 |
| 1978 | 1 048,2 | 1,2 | 4,9 |
| 1979 | 1 095,3 | 1,3 | 5,4 |
| 1980 | 706,7 | 1,5 | 6,1 |
| 1981 | 790,0 | 1,6 | 6,9 |

## Die huidige

Die huidige vorm van organisasie van die sybokhaarbedryf is die gevolg van die ontwikkeling, instelling en koordinering van telings-, produksie- en bemarkingstelsels wat die bedryf uitgebou het tot die grootste en mees uitstaande van sy soort in die wêreld. Vanaf die instel-

ling van klasstandaarde in 1951 met verbeterings tot 1975 word die Suid-Afrikaanse skeersel as die bes voorbereide in die wêreld beskou. In teenstelling met die bemarking deur verskeie makelaars tot en met 1971 is 'n eenkanaal-bemarkingstelsel in werking gestel in 1972. Hierdie bemarkingstelsel, gerugsteun deur 'n gevestigde stabilisasiefonds het 'n meer betekenisvolle beheer oor bemarking moontlik gemaak. Die daaropvolgende styging van sybokhaarpryse het daartoe gelei dat die inkomste uit die produk meer as vergoed het vir die groter eise wat angorabokboerdery stel en getalle het weer begin toeneem (Tabel 1).

Ook in soverre die teeltverbetering van die angorabok betref, het die bedryf hulle reeds vroeg begin organiseer toe die Telersvereniging in 1892 begin is (Hierdie vereniging was ook verantwoordelik vir die begin van die Stamboekvereniging in 1905). Deur die instelling van gekontroleerde registrasie en nageslagsinspeksie is die gehalte van die Suid-Afrikaanse angorabok geweldig verbeter. Die relatief klein geografiese verspreiding van hierdie bedryf het voorligting en die verspreiding van kennis verder vergemaklik en het navorsingsbevindings gou toepassing gevind. Hierdie teeltverbetering tesame met verbetering in bestuur het veroorsaak dat Suid-Afrikaanse angorabokke tans die hoogste produseerders in die wêreld is (Tabelle 2 & 3).

**Tabel 2**

*Gemiddelde produksie van sybokhaar per Angorabok in Suid-Afrika vanaf 1890 tot 1980*

| Datum | Produksie/Bok (kg) |
|---|---|
| 1890 – 1910 | 1,79 |
| 1950 – 1960 | 3,18 |
| 1975 – 1980 | 4,02 |

Maar waar het hierdie vooruitgang Suid-Afrika gebring relatief tot die bedrywe oor die hele wêreld?

Vanaf 1965 tot 1974 is die totale wêreldproduksie van sybokhaar meer as gehalveer as gevolg van verskeie faktore waarvan ongunstige pryse as die enkel mees belangrike oorsaak beskou kan word (Figuur 1). Sedert 1974 het sybokhaarpryse skerp begin toeneem om 'n rekord hoogte te bereik in 1979 waarna dit gestabiliseer het.

**Tabel 3**

*Angorabokgetalle, totale sybokhaar produksie en die gemiddelde produksie per bok in die sybokhaar produserende lande van die wêreld gedurende 1981*

| Land | Getal Bokke (Miljoen) | Totale Produksie (Miljoen kg) | Produksie/ bok kg |
|---|---|---|---|
| Suid-Afrika | 1,60 | 6,9 | 4,35 |
| Texas, VSA | 1,20 | 4,1 | 3,70 |
| Turkye | 2,00 | 4,5 | 2,25 |
| Argentinië | 1,00 | 1,0 | 1,00 |
| Lesotho | 0,80 | 0,6 | 0,75 |
| | 6,60 | 17,1 | |




*Fig. 1.* *Totale jaarlikse sybokhaar produksie in die wêreld*





*Fig. 2.* *Jaarlikse sybokhaarproduksie van die hoof sybokhaar produserende lande vanaf 1965 tot 1980*

**Tabel 4**

*Lande betrokke in die invoer en uitvoer van halfverwerkte sybokhaar*

| Produsente Lande | %van Produksie uitgevoer | Invoer Lande |
|---|---|---|
| Suid-Afrika | 95 | Verenigde Koninkryk<br>Europa<br>Japan & Midde Ooste |
| Texas, VSA | 90 | Verenigde Koninkryk<br>Europa<br>Japan & Midde Ooste |
| Turkye | 75 | Oostelike Blok |
| Argentinië | 100 | Verenigde Koninkryk<br>Europa<br>Japan |
| Lesotho | 100 | Verenigde Koninkryk<br>Europa<br>Japan |

Hierdie hoër pryse het egter net in Suid-Afrika betekenisvolle verhoogde produksie gestimuleer (Figuur 2, Tabel 1), hoofsaaklik as gevolg van die relatief hoë produksiekoste (V.S.A.) en ongunstige omgewings, weidings- en bestuurstoestande (Argentinië, Lesotho en Turkye). As gevolg van hierdie verandering in wêreldproduksie is Suid-Afrika tans die grootste produsent van sybokhaar in die wêreld en voorsien meer as 40 persent van die totale wêreldproduksie. Hierbenewens is Suid-Afrika die enigste land wat 'n goed georganiseerde bemarkingstelsel het, sodat bemarkingstrategie in hierdie land 'n groot invloed op die wêreldbedryf het.

Sybokhaar is egter n uitvoerproduk en 'n spesialiteitsvesel wat op 'n internasionale mark verkoop word (Tabel 4). Korttermyn veranderinge in modes, internasionale monetêre waardes, rentekoerse en resessies in verwerkers- en verbruikerslande tref onmiddellik die luukse artikels in die tekstielbedryf om 'n onvermydelike steuring in die vraag/aanbod balans te veroorsaak. Sulke toestande veroorsaak abnormale toenames en insinkings in die prys van die rou produk en het dikwels verreikende gevolge op produksie en ook 'n ketting van reaksies in die verwerkers pyplyn. Sulke vinnige veranderinge word moeilik gebuffer in 'n relatief klein bedryf en gevolglik kan tydelike oorvoorsiening of tekort maklik ontstaan. Die strategie ten opsigte van die sybokhaarbedryf plaaslik en wêreldwyd gesien wentel dus om die woord stabilisasie van alle faktore betrokke by die bedryf.

## Aksie Sybokhaarproduksie 2003

Dele van Suid-Afrika is topografies en botanies by uitstek geskik vir bokboerdery. Die vorm van hierdie boerdery (dit wil sê vesel- of vleisproduksie) sal grootliks beïnvloed word deur die relatiewe inkomste uit die produk. Oor die afgelope jare was die inkomste uit sybokhaar hoog en het sybokgetalle en sybokhaarproduksie toegeneem tot 1,6 miljoen en 7,1 miljoen kg per jaar respektiewelik. Om hierdie gunstige pryse plaaslik te verseker, moet 'n strenge kontrole oor ons plaaslike bedryf en in die buiteland uitgeoefen word.

### 1. Plaaslik

Suid-Afrika het homself deur die afgelope aantal jare onderskei as wêreldleier op die gebiede van produksie, voorbereiding van die skeersel (klassering) en bemarking. Hierdie posisie het groot waarde vir die plaaslike bedryf op internasionale markte en moet dus beskerm en versterk word. Met hierdie doel voor oë poog alle organisasies en persone wat met die bedryf te make het voortdurend om die Suid-Afrikaanse bedryf nog verder te versterk.

Ten einde die gehalte van die Suid-Afrikaanse skeersel hoog te hou, is deurlopende skakeling tussen die stoettelers, kwekers, die Sybokhaarraad en noue samewerking met die Departement Landbou en Visserye en koöperatiewe bewegings noodsaaklik. Huidiglik is 'n prestasie- en nageslagtoetskema in voorbereiding in samewerking met die Departement Landbou en Visserye terwyl navorsing vanuit instansies soos Grootfontein Landboukollege, Onderstepoort en Universiteite met groot vrug in die bedryf toegepas word om produksie en reproduksie te verhoog. Soos reeds genoem het al hierdie faktore bygedra daartoe dat Suid-Afrika tans die hoogste gemiddelde produksie per bok in die wêreld handhaaf.

Voortdurende ontwikkelinge in die voorbereiding en bemarking het daartoe gelei dat internasionale kopers 'n groot vertroue ontwikkel het in die gehalte van die Suid-Afrikaanse skeersel. Hierdie vertroue is van onskatbare waarde, en het 'n kontantwaarde op die internasionale mark en daarom word daar voortdurend gewaak om hierdie status te handhaaf.

Tans is die tekstielwese in Suid-Afrika en die verwerking van sybokhaar tot eindprodukte nog in sy kinderskoene – slegs ongeveer 4 persent van die totale produksie word plaaslik tot eindprodukte verwerk. Nogtans is die bedryf

aan die groei en word meer as 60 persent van die skeersel reeds in 'n halfverwerkte vorm (gewas en gekam) uitgevoer.

2. **Internasionaal**

Alhoewel die hoë standaard van die Suid-Afrikaanse sybokhaarskeersel die gesogdheid daarvan bepaal, is dit uiteindelik die vraag na die eindprodukte van die vesel wat die prys bepaal. Verskeie faktore is egter hier betrokke.

(i) Sybokhaar verteenwoordig slegs 0,05 persent van die totale tekstielvesels van die wêreld.

(ii) Dit is 'n spesialiteitsdierevesel op 'n relatief klein mark vir gesogte tekstielprodukte.

(iii) Dit word hoofsaaklik verwerk in ander lande as dié waarin dit geproduseer word en word dus internasionaal verhandel (Tabel 4).

Die eersgenoemde twee faktore hou sekere voordele in deurdat dit die artikel gesog maak en groot vraag skep in tye van voorspoed, maar dit skep ook probleme. Wisselinge in vraag in tye van voorspoed en insinkings veroorsaak groot fluktuasies in pryse wat moeilik gebuffer word in 'n klein industrie. Ook word die tekstielbedryf en veral luukse produkte eerste getref tydens enige finansiële insinking. Hierbenewens beïnvloed wisselinge in die relatiewe geldwaardes van produsente (uitvoer) lande en verwerkers (invoer) lande ook die prys van die rou produk.

Die sukses van die primêre bedryf plaaslik hang dus tot 'n groot mate af van stabiliteit van vraag na die eindprodukte of anders gestel van 'n mark vir die eienskappe van die vesel. So 'n vraag word alleenlik geskep deur navorsing en produk-ontwikkeling en reklame vir die vesel en dus die aktiewe skepping van markte. Alhoewel Suid-Afrika in die verlede tot 'n groot mate self reklame gedoen het, is deur bemiddeling van die plaaslike bedryf in 1974 'n "International Mohair Association" (IMA) tot stand gebring. Hierdie vereniging wat 'n permanente kantoor in Londen het, hanteer sedertdien die internasionale reklame. Dit dien as skakel vir alle sektore van die bedryf en verteenwoordig alle skakels in die ketting vanaf produsent tot by die finale afsetpunt aan die verbruiker en al die sektore neem dus aktief deel. Ook in hierdie vereniging speel Suid-Afrika die leidende rol beide in finansiële ondersteuning asook die organisasie van die vereniging, want, internasionale reklame, volgehoue kontak met die hele bedryf en skepping van nuwe markte is die grootste versekering vir die toekoms.

Aksie sybokhaarproduksie 2003 sal gevolglik gemik wees op 'n versekering van die ekonomiese voortbestaan van alle persone in die sybokhaar ketting deur volgehoue kontak met sulke persone, verantwoordelike besluite ten gunste van die primêre en sekondêre bedrywe en die dinamiese uitvoering daarvan.